Diensnuus

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

# Die kryte van die lewe

*Toe die dekseltjie van die pakkie oopgaan het die skerp lig van die buitewêreld hom byna verblind. Hy voel hoe hy saam met al die ander kryte op die tafel van die werkswinkel uitgegooi word. Die ou bekende vrees het weer aan hom begin knaag, die vrees vir verlies… hy lê blootgestel, sonder sy beskermende verpakking en selfs die ander kryte wat jare lank sy lewe gedeel het, voel skielik vir hom na vreemdelinge. Elkeen van hulle lê in hul eie gedagtewêreld tussen saagsels en die reuk van gekneusde hout vul die hele vertrek… Deur die stofdeeltjies wat sorgvry in die goue sonstrale dans sien hy ‘n hout figuur… die vorm daarvan is vir hom onbekend maar die reuk van gevormde hout laat hom iets ervaar, ‘n gevoel wat hy nie kan peil nie.*

Die onverwagse skaduwee laat hom skrik en hy sien hoe die hand die groen kryt langs hom optel. Vrees spring weer deur die venster van sy hart en vul elke kamer. Hoewel die vrees teen die mure van sy hele wese druk is daar `n soort leegheid, ‘n hunkering, ‘n behoefte. Uit die hoek van sy oog sien hy hoe die groen kryt oor die wit papier gly en ‘n spoor van kurwes agterlaat. Die betekenis daarvan weet hy nie, maar wat hy op die papier sien, is mooi oneindig mooi.

**<u>Sondag 21/4</u>**

**09:30 Erediens / Kategese**
**Heidehof kuier Graad 1-3**

Deuroffer: Bybelmedia

Diensbeurt: Goudini

**<u>Sondag 28/4</u>**

**09:30 Erediens / Kategese**

Deuroffer: ACVV

Diensbeurt: Jongensklip

**<u>Sondag 5/5</u>**

**ARBEIDSONDAG SINODALE BID & DANKDAG**

**DANKOFFERSONDAG**

**09:30 Erediens / Kategese**

Deuroffer: Jeugwerk

Diensbeurt: Kerkstraat

Preeknotas

Markus 14:1-2, 10-16

God is in beheer

*Verstaan die omgang van die gebeure
*“The Devil is in the detail” -MAAR God is in beheer
* Daar is troos by Jesus in God
* God laat alles ten goede meewerk
* Troos tydens tragedie is GENADE.

Dan gaan iets in sy gedagtes oop… vir ‘n kryt om kleur op papier te maak moet hy juis van homself prysgee. Dit maak hom nie minder kryt nie dit maak hom bruikbaar… want die stukkies van hom word deur wrywing oorgedra op ‘n vel papier. Hy moet ‘n ander vorm aanneem om bruikbaar, sigbaar, kosbaar te wees. Natuurlik kan hierdie proses nie sonder pyn wees nie. Want dit is ‘n verlies, ‘n verlies aan die vorm van ‘n kryt, maar op die papier vorm elke stukkie kryt iets, dit het doel, dit het rede, dit maak heel. Elke gebroke deeltjie raak aan die stukkende een langs hom en word een, een op die skildery van die kunstenaar…

Toe die groen kryt stadig uit die hand van die skaduwee rol, raak hy bewus van sy vorm, dis anders, minder… gebroke, maar heel…

Die hand van die skaduwee blok die warm sonstrale wat op hom gerus het en vou om hom – maar hy voel warmer, ‘n gloed wat die vrees se plek inneem en elke kamer van sy hart kom vul…want sy aanraking is sag, die kryt rus veilig tussen die kreukels van sy vingers. Hy voel veilig, beskermd. Die behendige hande van die kunstenaar laat hom aan die papier raak en hy voel hoe hy deel word, een word, met homself en die kunswerk. Hoe meer wrywing hy voel, hoe meer hy verloor, hoe duideliker raak die hout figuur van vroeër, dit neem vorm aan - die vorm van ‘n kruis… hy hoor weer die woorde wat die kunstenaar soveel male met dag breuk uit ‘n ou boek hardop gelees het: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry…” Dan het die kunstenaar sy hande saam gevou en gekniel…

Ons is die kryt in die hand van ons Skepper. Hy gebruik ons – ons wat Hy tog self ook gemaak het, om ‘n prent te teken. Die prent van sy soewereine wil, wat vir ons nog met tye vaag en onvoltooid lyk, maar wat klaar volmaak geskets is in Sy gedagtes. Ons is deel daarvan, dit wat ons hier op aarde verloor en prysgee, word deel van die ewigheid. Daarom maak verliese ons ryk. Om ‘n kryt te wees is om mens te wees, seer te kry te verloor, maar dis net tydelik, want die Skepper is reeds besig om ons te skets op Sy ewigheidsplan…

Groete uit Trinity straat

HAPPY BIRTHDAY



| Noemnaam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Jan-Olivier | Fick | 04/19 |
| Johan | Jackson | 04/19 |
| Marliné | Van Zyl | 04/19 |
| Rinus | Beukes | 04/20 |
| Frederick | du Toit | 04/20 |
| Adele | De Kock | 04/21 |
| Elsa | Gouws | 04/21 |
| Divan | Stander | 04/21 |
| Jan | Conradie | 04/22 |
| Nadine | Fick | 04/23 |
| Johalene | Rousseau | 04/23 |
| Helena | Eillert | 04/24 |
| Chrisli | Vermeulen | 04/24 |
| Maricke | Du Toit | 04/25 |
| Sandra | Swart | 04/25 |
| Esther | Theunissen | 04/25 |
| Gerrie | Van Rensburg | 04/25 |
| Marika | Basson | 04/26 |
| Nelius | Le Roux | 04/26 |
| Elsabé | Le Roux | 04/26 |

# Voorbidding

**Ons bid vir Familie en vriende van Leana du Toit met haar afsterwe,haar troosdiens is Dinsdag 11h00 in Heidehof.**

**Ons bid ook vir Con Lourens se Familie en vriende met sy afsterwe.**

## Kos-koeponne

*Gee 'n maaltyd i.p.v. geld aan behoewende mense. Kos-koeponne beskikbaar by kerkkantoor teen R30 per maaltyd.*




**Baken van Hoop**

Hulle het ''n groot behoefte aan speelgoed, kinderboeke, Christelike boeke en sop bestandele. As daar enige skenkings is, kan dit by die kerkkantoor afgegee word. Alle hulp sal waardeer word. Baie dankie

Op 21-23 Maart was die **#Imagine kamp**, waar ongeveer 1300 Jongmense en volwassenes bymekaar getrek het, op Bredasdorp se skougronde.

Daar was heelwat kinders van Caledon wat dit ook bygewoon het. Selfs kinders sover as Namibie en Weskus, George was die jaar by die kamp.

Wat 'n ongelooflike ervaring!! Tenspyte van die verskriklike hitte die donderdag en die gesukkel om tentepenne in klipharde grond in te slaan en Vrydag se wind en donderweer en reën.

Die musiek span en beligting en praise en worship was net "Amazing" . Saans was daar "encounter stations" waar jy op 'n praktiese manier jou sorge en bekommernisse en seer by Jesus se voete kon gaan neerlê.

Vrydag was daar "workstations" waarvan jy 3 kon kies om te doen. Bv. Depressie workshop, Boelies en hoe om hulle te hanteer, Musiek en hoe om musiek te skryf, Sosiale media, Sport en hoe om Jesus te verteenwoordig op die sportveld, Byble 101, Hoe om 'n mini #Imaginge te reel en my gunstelig, Selfbeeld "net vir Meisies", en nog 'n hele paar ander workshops. Daar was beslis iets vir elkeen gewees.

Hierdie jaar se tema was Saggeus en tenspyte daarvan dat Saggeus "gelabel" was as 'n hooftollenaar en 'n ryk man en kort, het Jesus vir hom raakgesien en hom op sy naam geroep, Jesus het by hom tuisgegaan.

Die tema was "wat is die labels wat mense of jou plak"?

"Wat is die labels wat jy soms op jouself plak"?

Jesus het reeds vir ons gesterf en opgestaan.

Ons is reeds "accepted", ons is "called" ons is "loved" Ons is "forgiven".

Laat ons mekaar ook aanvaar, vergewe en liefhê en mekaar ondersteun op ons aardse reis.

Kommentaar van die kinders se kant af:

"Dit was die beste kamp ooit, ek het so baie geleer en gegroei"

"Ek het nuwe vriende gemaak en regtig Jesus se teenwoordigheid gevoel"

"Dit was 'n intense paar dae en ek het so baie om oor na te dink"

"Die "praise en worship" was vir my so lekker, en ek het vriende gemaak en so baie geleer. Ek gaan volgende jaar beslis weer gaan"








3 Mei 2024 om 08:00

Kom dink kreatief anders oor die ouer word proses

Plek:

Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit, Wellington

Oggend sessie met kapel diens om 12:30 en middagete om 13:00 ingesluit

Koste: R340

# BETEKENISVOLLE OUER WORD

Ons nooi u uit om saam te kom dink en gesels oor die kreatiewe en hoopvolle benadering tot die ouer word proses.

Die uitdaging vir elke ouer wordende persoon is om daagliks doelgerig en met hoop te leef, te midde van veranderinge en uitdagings op liggaamlike, ekonomiese en sosiale vlakke.

Die fasiliteerder van hierdie sessie is Frederika van Rooyen, 'n opgeleide Maatskaplike Werker wat spesialiseer in die welstand van persone bo 60 jaar.

**BESPREKINGS**

Epos: frederika2@btopenworld.com

RSVP teen 26 April 2024

**Vir enige navrae kontak Ds. Dewald du Toit**

**Kaartjies kan by kerkkantoor gekoop word!**







Goeie dag ouers.

Ons wil 'n geleentheid skep waar vriendekringe saam praat oor hoe hulle God se roeping uitleef teenoor hul kinders. (Dit vind plaas tydens elke vriendekring se gewone braai geleenthede deur die loop van die jaar. Tydens so 'n braai kan daar dan spontane tog doelgerigte gesprek wees oor tema's uit die boek.)

Uitnodiging: Koop die boek by die kerkkantoor.




Deel vd onderwerpe wanneer julle vrienderkring weer saam is.

Bespreek dit by n vlg geleentheid.

Groei saam met ander ouers tot eer van God.

20 Okt braai almal wat deelgeneem het aan die geleentheid saam by die saal en ons sluit die geleentheid saam af.

Laat weet vir Dewald of Willem as jul vriendekring gaan saam reis hiermee, en vra gerus vir ons as ons kan help met enige tema.

# So hou ons kontak!

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**



**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**

Snap here to pay
SnapScan